AUGUSTUS 2026 UITGAWE 2026/8

DIE KWIKKIE

DIE NUUSBRIEF VAN TWEE RIVIERE AFTREE-OORD

DIS VROUE MAAND



HIERDIE UITGAWE

SPORT	2
NOMMERS	3
KENNISGEWINGS	4
VERJAARSDAE	9
DR. ARNOLD SMITH	10


Down Memory Lane
TRAO
KOOR
18 AUGUSTUS 2026
IN DIE SAAL
10:00


Koffiehuiskonsert
Op 29 September 2026 hou ons, ons jaarlikse Koffiehuiskonsert.
Ons wil jou graag hoor sing, grappe vertel, voordra, dans of enige iets wat ons kan geniet.
Laat weet vir Jannie by 2061 of vir Thunis by 3222, voor 31 Augustus 2026, of jy ons gaan kom vermaak.
Kom deel jou talent.
Kom deel die vreugde!

BELANGRIKE NOMMERS & TYE

EKSTERNE TELEFOONNOMMERS

Arrie Nel Apteek:	012 548 1721
Dis-Chem (Kolonnade):	012 523 9120/9
Dis-Chem (Zambezi Junction):	012 574 0489
DSTV MultiChoice:	012 422 2222
Fisioterapeut (Andrea):	082 556 8121
Frogfoot Support	021 448 7225
Haarsalon	068 381 3373
Kind2Hearing (Oudiologie):	012 110 4612
Kombuis (Cheryl):	012 941 5947
Montana Hospitaal:	012 523 3000
Ontvangs (Leonore & Estelle):	012 010 0924
Polisie (Sinoville):	012 543 8800
Sorgsentrum:	012 010 0943
TLC (The Local Choice):	012 030 0266
Matrone:	012 010 0933
Nadine (Medwell SA):	012 010 0934
Voetversorging (Sonica):	082 468 3775
Voetversorging (Precious):	071 998 8058
TV/DSTV (Kleintjie):	083 276 3683
Skoonmaakdienste/Wassery (Maree):	072 622 4130

INTERNE TELEFOONNOMMERS

- Ontvangs: (Estelle) 1001
- Ontvangs (Leonore): 1002
- Matrone: 1004
- Oordbestuurder: 1005
- Onderhoudsbestuurder (Johan): – Kontak via kantoor
- Haarsalon: 1006
- Sorgsentrum: 1009
- Sekuriteit Hek 1: 1010
- Sekuriteit Hek 2: 1011
- Kombuis: 1020

(SLEGS OP 3CX)

NA-URE NOODNOMMERS

MEDIES
063 640 7223
ONDERHOUD
079 531 9827

Neem asb. kennis dat die noodfoon, 079 531 9827, slegs vir water- en elektrisiteitsprobleme na-ure geskakel moet word.
Moet asb. nie die noodnommer bedags skakel nie. Skakel Ontvangs, (012) 010 0924 gedurende kantoorure.

KANTOORURE

MAANDAG TOT VRYDAG
08:00 — 16:00
ETENSTYD
12:00 — 12:30

Gesluit op Saterdae & Sondae
Publieke Vakansiedae

WELKOM

Baie welkom aan alle nuwe inwoners van Twee Riviere Aftree-Oord. Ons vertrou dat u reeds met u bure kennis gemaak het en tuis voel.

WELCOME

We would like to welcome all new residents at Twee Riviere Retirement Village. We trust that you have already become acquainted with your neighbours and feel at home.

INLIGTING & AKTIWITEITE

HYSBAKKE

Om onnodige onderbrekings met die diens van die hysbakke te voorkom, mag slegs EEN groot meubelstuk op 'n slag in die hysbak vervoer word.

OORDDOKTER

Die oorddokter besoek die Oord op Donderdae om 14:00

Maak asseblief 'n afspraak by Nadine—1007 (Di + Do)

Medwell

CLINIC HOURS

08:30 - 11:00

Dinsdag & Donderdag

BUSDIENS

Die Oordbussie vertrek om 08:30 en keer terug om 11:00

Maandae: Kolonnade Winkelsentrum

Woensdae: Zambezi Junction en

Vrydae: Kolonnade Winkelsentrum

Bespreek u plek by ontvangs vir hierdie gratis diens.

BELANGRIK | IMPORTANT

Stel asseblief ontvangs in kennis indien u vanuit die oord verhuis of na 'n ander eenheid verhuis.

~o~

Please notify reception when you are moving out of the village or moving to another unit.

BESIGE BYE

Elke 2de & 4de Dindag om 09:00 in die saal. Kom deel in lekker "Arts & Crafts"

WASSERY

Bespreek by Maree via WhatsApp of sms op 0726224130 as u wasgoed of strykwerk wil laat doen van Maandag tot Donderdag

BYBELSTUDIE

Hervormde Kerk, op Woensdae om 09:00 in die saal, APK Kerk, op Donderdae om 10:00 in die saal, NG Kerk, op Vrydae om 09:00 in die saal

JUKSKEI

Dinsdae & Donderdae 16:00 by die jukskeibane. Ons kan help met skeie. Kom ontspan saam. Kontak vir Danie #2196

RUMMIKUB

Woensdae in die saal om 14:00 tot 16:00

SORGSENTRUM INWONERS

As u beskikbaar en sterk genoeg is om elke Donderdag vir 'n uur 'n sorgsentrum inwoner vir 'n uitstappie te neem, kontak asseblief vir Nadine #1007

PRIVAAT TUINDIENSTE

Bespreek by Ontvangs vir privaat tuindienste teen **R70.00** per uur

WATERBEPERKINGS

Gelyke eenheidnommers vir tuinnatmaak is Maandae, Woensdae en Vrydae. Ongelyke eenheidnommers is Dinsdae, Donderdae & Saterdae

KOOROEFENING

Dinsdae 14:00 in die saal. Kom word deel van Twee Riviere se puik koor. Kontak vir Jannie X2061

BINGO

Donderdae 14:30 in die saal. Almal welkom om te deel in die pret. Kontak vir Pieter #2047

UIT DIE OORDBESTUURDER SE KANTOOR - Petré Theron



Vrede!!

En net so....pfftt...en ons is midde die winde van verandering. Augustusmaand het aangebreek en dit is tyd dat die seisoen weer begin draai met die laaste maand van Winter 2026. Tradisioneel ook die maand waarin ons Gautengers sterker winde in die natuur ervaar wat dikwels tot diep in September voortduur. En terwyl ons die winter van 2026 vaarwel roep, maak nog steeds seker u en u geliefdes is warm en beskerm. Drink genoeg vloeistowwe (versigtig maar wat hierdie behels), eet gebalanseerd en neem maar daardie ekstra vitamien aanvulling, sodat ons die lente met nuwe jeugdigheid tegemoet kan hardloop.

Julie maand was 'n woelige tydperk waarin die nuwe trustees hul voete moes vind en waarin ons gefokusde aandag aan die instandhouding en operasionele sake op die oord moes gee. In hierdie verband is heelwat aandag gegee aan oord-afdakke waarvan geute en struktuur geroes was en vervang moes word. Ons het dan ook, ter wille van volhoubaarheid, die geute met PVC-materiaal vervang in plaas van die tradisionel gegalvaniseerde materiaal. Hierdie projek, as deel van die 10-jaar instandhoudingsplan, is nog in proses en ons gaan daarmee volhou binne die beperking van die begroting. Die ander belangrike projek is die fokus op waterverbruik en die bestuur daarvan. Met die installering van die waterbestuurstelsel kry ons daaglikse detail inligting rondom die verbruiksprofiel van TRAO. In hierdie verband het ons elke inwoner se toegewyde ondersteuning nodig sodat ons die waterverbruik binne aanvaarde norme kan bring ter wille van gefokusde kostebeheer. Help asseblief!
Julie en Augustus is ook snoeityd vir die groot bome en daar is ook in hierdie verband reeds aandag gegee aan bome waarvan die groei probleme aan inwoners gebied het. In Augustus gaan ons voort met hierdie projek tot voordeel van ons mooi oord.

Elke Sondag om 09:40 is daar op RSG 'n program: "Gelukwense aan die bejaardes", waar mense van 90 jaar en ouer gelukgewens word met hul verjaarsdae. TRAO het reeds begin om ons inwoners se name aan RSG deur te gee, kom ons luister of TRAO op nasionale radio gaan wees! In Augustus is dit Me. Essa Grobler van 2219 wat 90 jaar oud word, hartlik geluk en seënwense vir die komende lewensjaar.

Tydens Augustus gaan die optiese vesel diensverskaffer ook opgraderings aan die netwerk in die oord doen. U het reeds kommunikasie in hierdie verband ontvang en ons spreek die wens uit dat u die diensverskaffer ter wille sal wees en toegang tot u eenheid sal gee sodat die opgradering effektief afgehandel kan word.

Net 'n vriendelike herinnering aan alle inwoners dat rioolverstopping en geyser probleme deur die oord hanteer word en dat inwoners nie na willekeur en uit eie inisiatief kontrakteurs skakel en aanstel om hierdie sake te hanteer nie.

Laastens, maak asseblief seker dat u slegs u eie kopie van Die Kwikkie neem, ons kry vele klagtes dat inwoners se Kwikkies verdwyn uit hulle poshokkies sonder dat hulle daarvan weet.

Vreugde.



DIE VROUE WAT ONS LEWENS VORM

Die vroue in ons lewens laat spore wat nooit heeltemal verdwyn nie. Ons susters stap saam met ons deur kinderjare en grootwordjare. Ons moeders leer ons liefde, opoffering en deursettingsvermoë. Ons tannies bring dikwels raad, humor en 'n ekstra dosis warmte, terwyl ons oumagrootjies die verhale en tradisies van geslagte bewaar.

Maar daar is iets besonders aan 'n ouma.


'n Ouma se liefde voel dikwels sagter, rustiger en sonder voorwaardes. Sy het reeds die storms van die lewe beleef en weet dat nie elke probleem vandag opgelos hoef te word nie. Soms is 'n koppie tee, 'n warm drukkie en iemand wat werklik luister, genoeg.

Oumas dra families se geskiedenis in hul harte. Hulle onthou name, resepte, verjaarsdae en verhale wat andersins verlore sou gaan. In hul huise leef die geure van bekende kos, die klanke van ou liedjies en die gevoel dat daar altyd plek vir nog een aan tafel is.

Hulle leer ons dat liefde dikwels in klein dinge woon: 'n gebreide kombers, 'n beskuitjie wat stilweg in jou hand gedruk word, 'n oproep om te hoor of jy veilig tuisgekom het, of 'n gebed wat jy nooit eers geweet het vir jou gebid is nie.

Aan elke suster, moeder, tannie, oumagrootjie en veral elke ouma: dankie vir die liefde waarmee julle families bymekaarhou. Julle wysheid, sagtheid en stories is kosbare erfenisse.

'n Ouma se hand mag met die jare verander, maar die liefde waarmee sy joune vashou, bly altyd dieselfde.



Beste Inwoners,

Dit is vir my 'n groot voorreg en verantwoordelikheid om as voorsitter van ons trustees te dien.
Ek wil graag my opregte dank uitspreek vir die vertroue wat in my en die nuwe trustee-span gestel is.

Ons aftree-oord is meer as net 'n plek waar ons woon; dit is ons tuiste en 'n gemeenskap waar ons na mekaar omsien.

As trustees is ons daartoe verbind om verantwoordelike bestuur en besluitneming te verseker, binne die voorgeskrewe wette en reëls wat op deeltiteloorde van toepassing is, sodat die beste belang van die regspersoon en al die inwoners beskerm word.

Ons sal daarna streef om openlik te kommunikeer, eerlik op te tree en met respek na insette luister.


Geen trustee kan alleen 'n verskil maak nie. Dit is deur samewerking tussen inwoners, peroneel en trustees dat ons 'n veilige, netjiese en aangename leefomgewing skep.

Ek moedig inwoners aan om idees, voorstelle en bekommernisse op 'n konstruktiewe wyse met ons te deel.

Kom ons bou saam voort op die goeie werk wat reeds gedoen is en werk saam om ons aftree-oord 'n plek te maak waarop ons trots kan wees.
Mag hierdie maand vir elkeen gevul wees met goeie gesondheid, vrede en baie mooi oomblikke.

PROPPIEPROJEK

Vra belangstellende/s om die Proppieprojek oor te neem.
Kontak ontvangs indien u belangstel asb.
Ondersteun asb. dié lofwaardige en broodnodige projek, elke proppie help. Ons maak staat op elke inwoner se ondersteuning.
Baie dankie aan Jan & Tersa Rowles vir hul volgehoue hulp met dié projek in die verlede.



WEBTUISTE:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIES OP WEBTUISTE

R200
Per Advertensie

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

EPOS: admin1@trao.co.za |
admin2@trao.co.za

AANDAG:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIE PRYSE

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR INWONERS & OORDDIENSVERSKAFFERS
Kleiner as A6 - R 30
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 100
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 163
Volblad (A4 PORTRET) - R 350
ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR BUITE INSTANSIES
Kleiner as A6 - R 60
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 200
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 325
Volblad (A4 PORTRET) - R 700
ADVERTENSIES OP DIE KENNISGEWINGSBORD
Volblad A4 advertensie - R 200
NUUT: ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie
www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924
EPOS: admin1@trao.co.za |
admin2@trao.co.za

KWIKKIE-ADVERTENSIES:

BLADSYORIËNTERING EN GROOTTES



NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VEREISTES HIERBO WAT BENODIG WORD VIR ADVERTENSIES

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

Gelukkige Verjaarsdag

VERJAARSDAE
AUGUSTUS 2026

#	Datum	Naam & Van
A004	02-Aug	Gawie Conradie
C118	02-Aug	Johan Breitenbach
A219	05-Aug	Essa Grobler
B210	05-Aug	Johan Holliday
A265	05-Aug	Hettie Horak
A022	07-Aug	Izak Groenewald
A084	08-Aug	Gus Visser
A254	08-Aug	Hannetjie Ogilvie
A077	09-Aug	Carel Swart
A309	11-Aug	Bettie Badenhorst
A047	11-Aug	Ina Theron
A123	11-Aug	Margaret Lubbe
B212	11-Aug	Margaret Ferreira
B220	13-Aug	Marie Feldtmann
A241	13-Aug	Adri Visser
A314	15-Aug	Danie van der Heever
A148	17-Aug	Brood Broodryk
A268	17-Aug	Trysie Joubert
A023	20-Aug	Lena Buys
C211	20-Aug	Hennie Botha
A114	21-Aug	Willie Cilliers
B325	21-Aug	Marie Venter
A077	22-Aug	Tina Swart

#	Datum	Naam & Van
A196	24-Aug	Danie van der Horst
A285	24-Aug	Linda Geyer
B013	24-Aug	Lorraine Pretorius
A303	24-Aug	Rudie Raath
A201	25-Aug	Hennie van Deventer
A293	25-Aug	Nico van Zyl
A178	25-Aug	Sonja Stuwig
A003	27-Aug	Hannes Agenbag
A265	27-Aug	Matthys Horak
B125	27-Aug	Martie Matthysen
A256	28-Aug	Lilla van Niekerk
A299	28-Aug	Alet van Schoor
A316	28-Aug	Adie de Klerk
A247	29-Aug	Rita Schoeman
A131	30-Aug	Jaap Nel
A163	30-Aug	Zet Perry
A224	31-Aug	Giel Roode
A246	31-Aug	Neels Nieuwenhuys
A253	31-Aug	Annatjie Weiss
A144	31-Aug	Susan Coetzee
A246	31-Aug	Neels Nieuwenhuys
A253	31-Aug	Annatjie Weiss
A144	31-Aug	Susan Coetzee



"AS U VERJAARSDAG UITGELAAT EN/OF FOUTIEF IS, KONTAK DIE KANTOOR VIR REGSTELLING ASB."



Ek hou nie baie van die uitdrukking: **"Aan die** verkeerde kant van sestig" nie. Waarom sou dit die verkeerde kant wees? Ouer word bring beslis uitdagings op verskillende vlakke, maar dit bring ook 'n ontsaglike rykdom. Daardie rykdom lê in die wysheid, kennis, ervaring en veerkragtigheid wat ons deur die jare opgebou het.

My oë het by twee besondere geleenthede hiervoor oopgegaan.

Die eerste was toe 'n begeleier by 'n gemeente my uitgedaag het om ouer mense en kinders byme-kaar te bring. Die doel was eenvoudig maar diep betekenisvol: dat ouer mense weer hul kindwees kon ontdek, terwyl kinders uit die ervaring en lewensverhale van ouer mense kon leer.

Die tweede was toe 'n jong vrou gereeld by byeen-komste vir seniors opgetree het. Sy het mense gehelp om elke lewensfase te vier en die unieke waarde daarvan raak te sien – hoe elke fase nuwe moontlikhede bring en hoe 'n mens steeds kan groei.

Hieraan dink ek wanneer ek God se droom vir Jeru-salem lees in Sagaria 8:4-5:
"Daar sal weer bejaarde mans en vroue, ryp in jare, op die pleine van Jerusalem sit, elkeen met 'n kierie in die hand. Die pleine van die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel."

Dit is die beeld van 'n gesonde gemeenskap waar daar plek is vir oud én jonk; waar geslagte mekaar aanvul en verryk.

Soms tree mense af en vergeet wat hulle deur die jare opgebou het. Elke keer wanneer jy deur moeil-ike omstandighede gekom het, het jy sekere hulp-bronne gebruik wat jou gedra het: jou geloof, jou ervaring van God se teenwoordigheid, die onders-teuning van ander, jou kennis van jouself en die lewe, en die wysheid wat deur ervaring gevorm is.

Wanneer iets jou herhaaldelik help om uitdagings te oorkom, word dit deel van jou. Dit verdwyn nie met aftrede nie. Inteendeel, dit word deel van jou veerkragtigheid.

Aftree-oorde is daarom vol mense met 'n skatkis van lewenservaring. Daar woon mense wat steeds baie het om in die lewens van kinders, kleinkinders, mede-inwoners en almal op hul lewenspad in te ploeg.

Selfs wanneer ons liggaam swakker word en ons lewenskwaliteit verander, bly die verlede 'n bron van krag. Waar sommige nie meer sekere dinge kan doen nie, kan ander hul gawes en vermoëns gebruik. Só word 'n gemeenskap opgebou waarin almal kan floreer.

Ons kan ons ervaring vir onsself hou, of ons kan dit gebruik om ander te verryk.

Aftrede is dikwels 'n noodwendige lewensoorgang, maar die veerkragtigheid wat oor dekades gevorm is, tree nooit af nie. Dit bly deel van wie ons is. Dit is 'n gawe én 'n verantwoordelikheid.
Dat 'n aftree-oord soos Twee Riviere suksesvol kan voortbestaan en 'n bron van trots kan wees, het baie te doen met die beleggings wat inwoners in mekaar maak. Gelukkige gemeenskappe ontstaan wanneer mense hul ervaring, omgee en wysheid met mekaar deel.

Moet jouself daarom nooit onderskat of gering ag nie. Ons kan wag dat die lewe met ons gebeur, of ons kan doelbewus na buite leef en ander se lewens raak.

Ek dink aan Paulus se woorde aan Filemon:
"Daarom, al het ek in Christus die volste reg om jou op jou plig te wys, doen ek liewer 'n beroep op jou op grond van die liefde. Dit doen ek, Paulus, 'n ou man en nou ook 'n gevangene ter wille van Christus Jesus. Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword." (Filemon 8–10)

Selfs as 'n ou man en gevangene het Paulus nie opgehou om ander te beïnvloed nie. Sy ouderdom het nie sy roeping beëindig nie; dit het dit verdiep. Aftrede en aftree-oorde hoef dus nooit beperkend te wees nie. Dit kan juis 'n besondere geleentheid wees om 'n verskil te maak – vir mede-inwoners, vir jou familie, vir jonger geslagte en ook vir jouself. Ontdek weer wat jy deur die jare ontvang en opgebou het. Moenie dit net bêre nie; gebruik dit. Die wêreld het steeds jou wysheid, jou geloof en jou veerkragtigheid nodig.

Seën vir die windmaand én Vrouemaand! Die warm klere kan nog nie heeltemal weggepak word nie, maar mag die warmte van mense wat hul lewe met ander deel, hierdie winter vir baie 'n seën wees.

RUS IN VREDE

OORLEDENES

C OPPERMAN - B207

22/07/2026

PG CONRADIE - A258

14/07/2026

KERKDIENSTE

AUGUSTUS 2026



DIENS BEGIN 09:00 IN SAAL.

SONDAG, 02 AUGUSTUS 2026
DR ANNELIE BOTHA, HERVORMDE KERK

SONDAG, 09 AUGUSTUS 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 16 AUGUSTUS 2026
DR PIETER HEYSTEK, GEREFORMEERDE KERK

SONDAG, 23 AUGUSTUS 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 30 AUGUSTUS 2026
DS ALKMAR SWART, NG MAGALIESKRUIN

VERSOEK VIR KWIKKIE ARTIKELS:

Die Kwikkie-nuusbrief is 'n gemeenskapskoerantjie wat getrou deur ons inwoners gelees word. Ek weet hier is baie inwoners wat vele stories het om te vertel en dat daar ook interessante aktiwiteite op die Oord plaasvind waarvan ons nie eers weet nie. Alle artikels moet asseblief voor of op die 18de van elke maand aan die kantoor deurgegee word – elektronies in 'Word'-formaat. Neem ook kennis dat alle artikels deeglik vir alle spelfoute en grammatika nagegaan moet word voor dit aan die kantoor gestuur word.
Skakel Estelle 1001 of Leonore 1002 vir meer inligting.
-OORDBESTUURDER



Vrouemaand is 'n besondere tyd om die vroue in ons lewens te vier. Dit is egter ook 'n goeie geleentheid om 'n oomblik stil te staan en jouself te waardeer.

As vrou het jy waarskynlik deur die jare baie van jouself aan ander gegee. Jy het dalk na kinders, kleinkinders, familie en vriende omgesien. Jy het geluister, ondersteun, vertroos en liefgehad. Hierdie maand is dit tyd om ook iets besonders vir jouself te doen.

Om jouself te bederf hoef nie duur of ingewikkeld te wees nie. Dit kan iets so eenvoudig wees soos om rustig 'n koppie tee te drink, na jou gunstelingmusiek te luister of 'n boek te lees. Trek jou mooiste uitrusting aan, al gaan jy nêrens heen nie, en kyk met 'n glimlag na die besondere vrou in die spieël.

Jy kan ook tyd in die tuin deurbring, 'n rustige wandeling neem of 'n vriendin nooi om saam te kuier. Deel herinneringe, lag oor die verlede en geniet mekaar se geselskap. 'n Lekker handeroom, 'n nuwe kleur naellak, vars blomme of 'n stukkie van jou gunstelingkoek kan jou dag sommer ekstra spesiaal maak.

Onthou ook om goed na jou liggaam om te sien. Rus wanneer jy moeg is, drink genoeg water en geniet kos wat jou sterk en gesond laat voel. Wees vriendelik met jouself en moenie skuldig voel wanneer jy 'n bietjie tyd vir jouself neem nie.

Die grootste geskenk wat jy jouself hierdie Vrouemaand kan gee, is waardering. Wees trots op die lewe wat jy geleef het, die uitdagings wat jy oorkom het en die liefde wat jy met ander gedeel het.

Jy is kosbaar. Jy is waardevol. Jy verdien om gevier en bederf te word, nie net gedurende Vrouemaand nie, maar elke dag van die jaar.



14 AUGUSTUS 2026
10:00 vm in die saal

Bespreek jou kaartjie by die volgende gasvrouens.
Prys R125 per persoon
BEPERKTE SITPLEKKE- MOENIE TE LANK WAG NIE

NAAM	SEL NOMMER	EENHEID
Ansie Potgieter	0824580082	A252
Daleen Venter	07152348 67	A255
Frenda Kluever	0833005424	A025
Anne-Marie de Jongh	0836436645	A217
Bettie Gous	0847271750	A048
Sarie Scheepers	0828248612	A100
Amanda Putter	0828242826	A197
Sandra Yssel	0834531249	A126
Sannie van Rensburg	0828747869	A239
Mariaan du Plooy	0829258930	A097
Magda Louw	0828562954	B315
Carolina Nortje	0828061006	A174



Stap vroegoggend of net voor sononder deur ons Oord, en jy sal iets besonders opmerk. Dit is nie die netjies versorgde tuine, die bekende groete tussen bure, of selfs die vreedsame atmosfeer wat jou aandag eers trek nie. Dit is die sagte getik van klein pote, kwispelende sterte, en die glimlaggende gesigte van inwoners wat langs hul getroue klein metgeselle stap. TRAO is ook die tuiste van troeteldiere. Vir sommige mag hulle bloot troeteldiere wees. Vir diegene wat hul huise en harte met hulle deel, is hulle soveel meer. Vir baie van ons inwoners bied hierdie klein metgeselle troos wat woorde nie kan beskryf nie. Hulle is daar in die stil oomblikke, wanneer die huis 'n bietjie te stil voel. Hulle groet elke oggend met entoesiasme, elke tuiskoms met opgewondenheid, en elke moeilike dag met onvoorwaardelike liefde. Hulle gee nie om vir ouderdom, status of gister se bekommernisse nie. Hulle is eenvoudig heeltemal lief vir hul eienaars en sonder oordeel. Soos ons ouer word, bring die lewe onvermydelik verandering. Kinders vestig hul eie huise, lewenslange vriende trek weg of is oorlede, en daaglikse roetines word stiller. “Njapsoortjies” het 'n ongelooflike vermoë om sommige van daardie leë ruimtes te vul. Hulle gee hul eienaars 'n rede om op te staan, te gaan stap, vir bure te glimlag en aktief te bly. Hulle herinner ons daaraan dat iemand elke dag op ons staatmaak. Navorsing het herhaaldelik getoon dat troeteldiere stres kan verminder, bloeddruk kan verlaag, gevoelens van eensaamheid kan verlig, en selfs fisieke aktiwiteit kan aanmoedig. Maar miskien kan die grootste geskenk wat hulle bied nie gemeet word nie. Hulle bied doel, liefde en geselskap op 'n lewensfase wanneer daardie gawes al hoe kosbaarder word. Natuurlik beteken die lewe in 'n gemeenskap dat troeteldierbesit ook verantwoordelikheid meebring. Verantwoordelike eienaars sorg dat hul honde gesond, goed opgevoed en bedagsaam teenoor bure is. Om na ons troeteldiere om te sien, hulle onder beheer te hou en gemeenskaplike ruimtes te respekteer, verseker dat almal die voordele kan geniet van om saam in 'n sorgsame Oord te woon.

En dan is daar die ligter kant van Oordlewe met ons viervoetige inwoners. Ons klein hondjies het 'n redelike sosiale kalender ontwikkel. Sommige lyk oortuig dat hulle die onoffisiële buurtwag is, wat elke verbygaande voël, eekhoring of afleweringsvoertuig met merkwaardige toewyding aankondig. Ander het die kuns vervolmaak om presies die regte buurman te kies om te bekoor om 'n ekstra beskuit aan te bied. Party mense glo blykbaar dat elke stap minder oor oefening gaan en meer oor die lees van die nuutste "pee-mail" wat deur mede-honde-inwoners gelaat is! Die waarheid is, hulle laat ons lag. Hulle herinner ons daaraan om die lewe nie te ernstig op te neem nie. Hul opgewondenheid oor die eenvoudigste dinge—'n tennisbal, 'n bekende gesig, of 'n middagwandeling, leer ons 'n belangrike les oor hoe om vreugde in alledaagse oomblikke te vind.

So, aan ons klein metgeselle; dankie. Dankie vir die kwispelende stertjies, die warm drukkies, die sagte troos, die daaglikse roetines en die eindelose vermaak. Julle mag dalk die kleinste inwoners in ons Oord wees, maar julle beset van die grootste plekke in ons harte. In ons aftree-oord kom geluk immers nie altyd op twee voete nie. Soms kom dit met vier klein pootjies, 'n kwispelende stert, en die vaste oortuiging dat elke besoeker spesiaal hierheen gekom het om hulle te sien.

Redaksie





Elke aftree-oord het 'n struktuur wat dit effektief laat funksioneer. Eienaars, Trustees, die Oordbestuurder, kontrakteurs, diensverskaffers en ons werknemers het elk verskillende verantwoordelikhede. Hierdie rolle word ondersteun deur beleide, standaard bedryfsprosedures, reëls en regulasies wat konsekwentheid, billikheid en aanspreeklikheid bied.

Maar leierskap is iets anders.

Leierskap word nie bepaal deur 'n titel, 'n posisie op 'n komitee, of die hardste stem in die vergadering nie. Ware leierskap kom na vore in die alledaagse oomblikke—hoe ons met mekaar praat, hoe ons reageer wanneer ons nie saamstem nie, hoe ons diegene wat dien ondersteun, en hoe ons onsself gedra wanneer dinge nie volgens ons wil verloop nie.

Dit is maklik om te dikteer. Dit is maklik om te kritiseer. Dit is maklik om elke besluit uit te daag, jou humeur te verloor, of daarop aan te dring dat net een mening saak maak. Hierdie aksies kan geraas veroorsaak, maar hulle bring selde vordering. Ware leierskap luister voordat hulle praat, probeer verstaan voordat hulle oordeel, en bou brûe in plaas van hindernisse.

'n Florerende aftree-oord is afhanklik van wedersydse respek. Gesonde debat is welkom, vrae is belangrik, en konstruktiewe kritiek help ons om te verbeter. Daar is egter 'n beduidende verskil tussen om 'n idee uit te daag en die mense wat vertrou is om ons inwoners te dien, te ondermyn.
Elke inwoner het die geleentheid om te lei—nie deur gesag nie, maar deur voorbeeld. 'n Vriendelike woord, 'n geduldige gesprek, respek vir gevestigde prosesse, en 'n bereidwilligheid om saam te werk, laat 'n veel groter nalatenskap as om 'n argument te wen.

Die maatstaf van 'n gemeenskap is nie hoe dit optree wanneer alles goed gaan nie, maar hoe sy mense mekaar behandel wanneer menings verskil. Laat ons kies om die soort leiers te wees wat vertroue inspireer eerder as vrees, samewerking eerder as konflik, en eenheid eerder as verdeeldheid.
Uiteindelik word die sterkste gemeenskappe nie gebou deur diegene wat respek eis nie—hulle word gebou deur diegene wat dit konsekwent wys. En miskien is die grootste teken van leierskap dit: wanneer mense 'n gesprek verlaat met die gevoel dat hulle waardeer word in plaas van verslaan, het almal gewen.
Redaksie

- Redaksie

ONTBYT
WORD SEARCH PUZZLE

D	I	R	Z	T	N	H	B	V	P	J	D	C	X	R	L	F	Z
A	D	O	O	R	B	R	E	T	S	O	O	R	F	K	P	U	Y
Z	W	T	Q	M	L	I	K	F	C	Y	O	O	E	U	E	K	O
K	U	E	O	Y	I	S	C	E	M	W	A	I	G	Q	T	A	G
Q	Y	G	O	W	E	M	U	C	P	L	L	S	K	S	T	A	H
I	K	O	F	F	I	E	A	Z	L	S	S	S	L	E	E	X	U
A	H	O	V	C	T	I	J	I	I	Q	W	A	F	E	L	S	R
N	M	L	K	G	O	E	T	U	J	P	I	N	Q	H	E	R	T
C	X	D	U	W	D	R	M	U	K	E	T	T	F	S	M	T	G
Y	B	R	Z	A	O	B	B	Y	Z	E	X	W	V	U	O	T	S
A	V	C	D	T	F	R	H	I	S	K	O	N	N	O	P	Q	R
Y	Z	A	D	I	G	O	J	M	O	R	V	K	Y	E	J	N	R
N	I	F	F	U	M	O	G	A	X	Z	U	P	E	K	F	Z	V
W	U	S	Q	K	O	D	M	K	I	G	E	C	Y	N	W	U	S
Q	S	U	A	S	W	X	Z	B	D	F	H	J	L	M	N	O	Q
O	M	A	K	E	I	E	R	S	I	G	E	C	A	O	C	A	T
A	S	Z	Y	B	X	S	E	I	K	E	O	K	T	A	A	L	P

WORDS: 20

Beskuit	Koffie	Plaat Koekies	Tee
Croissant	Muffin	Rooster Brood	Tortilla
Eiers	Muisli	Skon	Wafels
Eierbrood	Omelette	Spek	Vrugte
Kaas	Pannekoek	Taco	Yoghurt

WORD PUZZLE OPGESTEL DEUR INWONER – RAE A188



Geen kat het sommer net in ons tuin ingekom nie. Ons erf was lank en groot, en ons ses hondjies was gewoonlik rustig. Bedags het almal op die groot stoep aan die noordekant gewoon, snags was Waldemar Worshond en Jakenienie (Jack Russel) toegelaat om in die huis te slaap. Ons erf was boomryk, links van die stoep 'n "Bottlebrush" (nie baie stewig nie) en 'n ander stewige boom, lekker groot en hoog. Ook maar goed so. Waarom gebeur dinge in die nag? Half-twee in die vroeë oggend hoor ons die geweldige geblaf van die vier brakke op die stoep. My man, ek en die twee diertjies storm almal deur die huis na die stoep. Al die honde sit toe in 'n kring onder die boom waarvan ek nie die naam kan onthou nie. Hulle blaf almal na boontoe!

Buurman in sy pajamabroek en sy kat sit bo in die stewige boom. Hy kan nie afklim nie, gevaar dreig in die middel van die nag! Die kat was vir 'n operasie gewees en het besluit die lewe is nie lekker in die huis nie. Sports in die buurt is beter.

Hondjie vir hondjie is terug gedra in die huis in. Die kat is in my man se arms geplaas en hy het die diertjie stewig vasgehou. Buurman het voetjie vir voetjie versigtig uit die boom geklim. Probleem en lawaai opgelos!

Die honde was egter nog uiters nuuskierig en aktief – dis nie aldag wat 'n kat hulle erf betree saam met haar Baas in sy pajamabroek nie!

Rose Olivier (C212) Junie 2026

ADVERTENSIES






ONS

KOOP OU GOUD

Kontak **STANLEY** by: **076 195 9626**



GOUDPRYSSTYGING OOR DIE JARE



WOODLANDS TAK
Shop 52D, Woodlands Boulevard, Pretoria

KOLONNADE TAK
Shop U45, Sefako Makgato Montana, Pretoria

MENLYN TAK
Shop G112, Menlyn Park, Atturbury Pretoria

A D V E R T E N S I E S

VARSPRODUKTEMARK



ELKE DINSDAG IN DIE PARKEERAREA

TRAO MARKDAE 2026



DINSDAE 9:00 – 11:00

GEEN VERKOPE VOOR 09:00

Geen outomatiese besprekings

KONTAK: PEET VAN RENSBURG

A239 OF 082 894 3982

Uitstallers is verplig om vroegtydig voor elke markdag te bespreek.

4 AUGUSTUS,

1 SEPTEMBER, 6 OKTOBER & 3 NOVEMBER.

JUDY'S JAM

Konfyt = R65.00 (klein)
Konfyt = R70.00 (groot)
Tamatie, aarbei, perske, appelkoos, fynvye, heelvye, druiwe, pynappel, nartjiemarmelade, kumkwatmarmelade, makataanstukke (groot), fyn makataan, heel kumkwat (R70.00)
Spekkiesatjar (R40.00)

SKAKEL JUDY #2014 SEL NR. 082 565 3243

DANKIE VIR AL JUL ONDERSTEUNING DIE AFGELOPE JAAR.

Ek bied die volgende:

Bybeloortreksels vir R300
Bybeltassies vir R300
Herstel van enige klere
Kontak Lorraine Pretorius
082 222 0560; Eenheid B013

BEMESTING

Beproefde kompos, gesif, onkruid en -reukvry @ R70 per 25kg
Tuingrond, bogrond en riviersand @ R90 per 50 kg sak
Geswete perdemis ook beskikbaar op aanvraag
Gratis aflewering Woensdae in die Oord
Skakel Wollie: 083 9575 124
of 082 0456 618 (bel of Whatsapp)
Kontant of Eft

SLYP VAN MESSE & SKêRE @ R30 ELK

Ek doen ook beitels en boorpunte, asook elektriese sweiswerk, herstel en instandhouding van rolstoele of enige ander toebehore

Izak Groenewald #2022 of 073 256 3315

TRAO INWONERS

NEEM ASB. KENNIS DAT BEWYS VAN ADRES SLEGS MET VERTOON VAN FISIESE ID DOKUMENT BY ONTVANGS VERKRYGBAAR IS (NIE BESTUURSLISENSIE NIE).

VIR KENNISNAME

NEEM ASB. KENNIS DAT DAAR VANAF 01 JULIE 2026 'N ELEKTRISITEITSTARIEF-VERHOGING SAL WEES. DIE FINALE PERSENTASIEVERHOGING SAL WELDRAE GEKOMMUNIKEER WORD SODRA TSWHANE DIT GEPUBLISEER HET.

50+ Welcome

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions



Are you looking to

BUY OR RENT

AT TWEE RIVIERE RETIREMENT VILLAGE?

Hi there, we're Annalie & Marlene. We're property practitioners specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Twee Riviere Retirement Village.**



RENTALS:
ANNALIE RYKAART

SALES:
MARLENE OPPERMAN



2 BED, 1 BATH
APARTMENT FOR SALE

R940 000

Lovely 2-bedroom, 1-bathroom apartment with open-plan living area, modern kitchen, balcony, and covered parking—designed for comfortable, convenient everyday living.

Features

- ✓ 2 Bedrooms
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Balcony
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Open-Plan Living

SCAN TO VIEW
PROPERTY



BACHELOR
APARTMENT TO LET

FROM **R6400PM**

Charming bachelor apartment with open-plan living area, modern kitchen, single bathroom and covered parking—designed for comfortable, convenient everyday living.

Features

- ✓ Bachelor Apartment
- ✓ Spacious Bathroom
- ✓ Well Maintained
- ✓ Single Carport
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Open-Plan Living

SCAN TO VIEW
PROPERTY



1 BED, 1 BATH
APARTMENT TO LET

FROM **R7800PM**

Cozy apartment offering 1 bedroom, 1 bathroom, open-plan living area, and one covered parking bay in a secure, well-maintained setting-designed for convenient everyday living.

Features

- ✓ 1 Bedroom
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Well Maintained
- ✓ Cozy Living Area
- ✓ Modern Kitchen

SCAN TO VIEW
PROPERTY

Contact us today! **060 016 0732**

ADVERTENSIES

kind2 Hearing

Kind2Hearing
Montana
besoek Twee
Riviere Aftree Oord

ELKE DONDERDAG

Tel: 012 110 4612
Address: No 7 Doringlaan, MonataPark







BESIGE BYE

HOE SPESIAAL KAN ‘N VERJAARSDAG NIE WEES NIE.

- Frieda namens Besige Bye vriende.









Twintig van ons lede het vanjaar hul 80+ verjaarsdag gevier. Wat ‘n voorreg en met dankbaarheid, om te kan deel met sulke talentvolle dames.



Feestelik het ons dit gehou!
Elke verjaarsdagdame het ‘n kaartjie ontvang met ‘n "geluksakkie". Daarna was dit smul aan die heerlikste happies met tee/koffie. Dankie aan elkeen wat gedeel het aan die dag.
Dit was die afsluiting vir die wintervakansie, wees warm en veilig.
Ons begin 11 Augustus met maak van juweelkissie/boksieprojek, kom almal is welkom.



KOMBUIS KLETS





Iets Lekker om na uit te sien!



Hou die volgende dop vir meer ingligting

